Koue Bokkeveld
OPLEIDING
SENTRUM

4 Augustus 2026 **GEMEENSKAPSONTWIKKELING BRIEF**

# GEMEENSKAPSDAGBOEK

| Datum Usuku | Afsny datum | Geleentheid Inkqubo | Lokaal Indawo | Tyd Ixesha | Kostes Ixabiso |
|---|---|---|---|---|---|
| 10 Aug | 3 Aug | Vrouedag | Ceres Sekondêr | 08:00 | R 165 per persoon |
| 14-16 Aug | 25 Junie | Vrouekamp | Boy Muller | T.B.C. | R 1380 per persoon |
| 24-27 Aug | 22 Aug | GOB kleingroepe | Verskeie streke | 19:00 | Gratis |
| 12 Sept | 1 Sept | Selfoonfotografie | Koue Bokkeveld Opleidingsentrum | 09:00 | R 80 per persoon |
| 18-20 Sept | 6 Sept | Xhosa en Sotho kamp | Boy Muller | 19:00 | R 850 per persoon |
| 25 Sept | 11 Sept | Mannedag | T.B.C. | 07:30 | R 165 per persoon |
| 30 Sept | 10 Sept | 10 Proses uitstappie | Worcester | 07:00 | R 400 per persoon |
| 1 Okt | 10 Sept | 9 Proses | Koue Bokkeveld Opleidingsentrum | 08:30 | R 1000 per persoon |
| 2-4 Okt | 10 Sept | 11 Proses | T.B.C | 14:00 | R 1550 per persoon |

# GEMEENSKAPSNUUS / IINDABA ZOLUNTU

## 2026 WITZENBERG LANDBOUTOEKENNINGS

Die 2026 Witzenberg Prestige Landboutoekennings, wat op 30 Julie by Kaleo plaasgevind het, het erkenning gegee aan die mense wat die hart van die Witzenberg se landbousektor vorm. Met 118 deelnemers wat oor nege kategorieë meegeding het, is uitnemendheid, toewyding en professionaliteit opnuut gevier.

As koördineerder van die toekennings sedert 2003 is die Koue Bokkeveld Opleidingsentrum trots om deel te wees van 'n geleentheid wat mense se bydraes erken en inspireer. Ons bedank die Wes-Kaapse Departement van Landbou, wat die kompetisie dryf, asook Shoprite vir hul gesamentlike borgskap en ondersteuning.

Die aand het ook saamgeval met die 25-jarige viering van die Koue Bokkeveld Opleidingsentrum. 'n Mylpaal wat die belang van menseontwikkeling beklemtoon. Oor die afgelope 25 jaar het die sentrum duisende mense deur opleiding en vaardigheidsontwikkeling toegerus om met groter selfvertroue, kundigheid en leierskap 'n verskil in die landbousektor te maak.

In haar toespraak het uitvoerende hoof Carmen Roberts gesê dat die grootste sukses van landbou altyd by mense begin. Sy het hulde gebring aan produsente, vennote, aanbieders, personeel en veral die landbouwerkers wat elke dag die sektor vorentoe neem.

Baie geluk aan al die finaliste en wenners. 'n Spesiale gelukwensing aan Justin Baartman van Romansrivier (Graaff Fruit), wat as Witzenberg Landbouwerker van die Jaar 2026 aangewys is. Justin se reis van algemene werker tot middelbestuur is 'n inspirerende bewys dat toewyding, harde werk en voortdurende ontwikkeling beloon word.

Met 25 jaar se ervaring bly die Koue Bokkeveld Opleidingsentrum trots daarop om saam met sy vennote in mense te belê en só by te dra tot 'n sterker landbousektor.




## Hier onder die volledige lys wenners:

| Kategorie | | Naam | Van | Plaas |
|---|---|---|---|---|
| **Algemene Werker** | 1 | Samantha | Olifant | Bronaar |
| | 2 | Adrowaan | Noorman | Leeuwrivier |
| | 3 | Cheswyn | Solomon | Achtertuin |
| | | | | |
| **Drywers** | 1 | Gerrit | Komail | Paardekloof |
| | 2 | Jacobe | Pretorius | Bronaar |
| | 3 | Dedire | Kamfer | De Keur |
| | | | | |
| **Besproeiingspesialis** | 1 | Ricardo-Lee | Franse | De Hoop |
| | 2 | Merwin | Davids | Rocklands |
| | 3 | Litha | Mapasa | Koelfontein |
| | | | | |
| **Tegniese Operateur** | 1 | Hermanus | Willemse | Bronaar |
| | 2 | Abongile | Mbikahlobo | Leeuwrivier |
| | 3 | Karel | De Bruin | Paardekloof |
| | | | | |
| **Sosiale Ontwikkeling** | 1 | Mpumi Samuel | Mvinjelwa | Verdun |
| | 2 | Maletsatsi | Ntjabane | Bronaar |
| | 3 | Adrieëta | Ambraal | Nooitgedacht |
| | | | | |
| **Administratiewe Personeel** | 1 | Pauwcia | Afrika | Romansrivier |
| | 2 | Shirley | Engelbrecht | CRB |
| | 3 | Anna | Baardman | Kromfontein |
| | | | | |
| **Voorman/-vrou** | 1 | Potlako | Rampai | Romansrivier |
| | 2 | Oberie | Fransman | Fonteintjie |
| | 3 | Hlangula | Buwuli | Nooitgedacht |
| | | | | |
| **Junior Bestuur** | 1 | Absalon | Snyers | Leeuwrivier |
| | 2 | Maliviwe | Woggoyi | Nooitgedacht |
| | 3 | Elvino | Pietersen | Romansrivier |
| | | | | |
| **Middelbestuur** | 1 | Justin | Baartman | Romansrivier |
| | 2 | Thembile | Khaleni | Paardekloof |
| | 3 | Anieta | Solomon | Achtertuin |
| | | | | |
| **Beste Presterende Plaas** | | Graaff Fruit: Romansrivier | | |
| **Beste Potensiaal** | | Ricardo-Lee | Franse | De Hoop |
| **Witzenberg Landbouwerker van die Jaar 2026** | | Justin | Baartman | Romansrivier |

## AMABHASO EZOLIMO E-WITZENBERG 2026

Amabhaso ePrestige ezoLimo eWitzenberg ka-2026, abebanjwe ngomhla wama-30 kuJulayi eKaleo, anike imbeko kubantu abangumongo wecandelo lezolimo laseWitzenberg. Bekukho abathathi-nxaxheba abayi-118 abakhuphisane kwiindidi ezilithoba, apho kubhiyozelwe ukugqwesa, ukuzinikela kunye nobungcali.

Njengomququzeleli wala mabhaso ukusukela ngo-2003, iKoue Bokkeveld Opleidingsentrum iyazingca ngokuba yinxalenye yesiganeko esiqaphela kwaye sikhuthaze igalelo labantu. Sibulela iSebe lezoLimo laseNtshona Koloni, eliqhuba olu khuphiswano, kwakunye neShoprite ngenkxaso yabo nangegalelo labo elixabisekileyo.

Lo msitho ukwabhengeze ukubhiyozelwa kweminyaka engama-25 yeKoue Bokkeveld Opleidingsentrum – isikhumbuzo esibalulekileyo esibonisa ukubaluleka kophuhliso lwabantu. Kule minyaka ingama-25 idlulileyo, eli ziko lixhobise amawaka abantu ngoqeqesho nophuhliso lwezakhono, ukuze bakwazi ukwenza umahluko kwicandelo lezolimo ngokuzithemba okukhulu, ulwazi olungcono nobunkokeli obuqinileyo.

Kwintetho yakhe, iNtloko yeSigqeba uCarmen Roberts uthe impumelelo enkulu kwezolimo isoloko iqala ngabantu. Wanika imbeko kubavelisi, amaqabane, abaququzeleli boqeqesho, abasebenzi beziko, ngakumbi kubasebenzi basezifama abaqhubela phambili eli candelo mihla le.

Sivuyisana nabo bonke abafikelele kumjikelo wokugqibela kunye nabo bonke abaphumeleleyo. Sivuyisana ngokukhethekileyo noJustin Baartman waseRomansrivier (Graaff Fruit), otyunjwe njengoMsebenzi wezoLimo woNyaka eWitzenberg ka-2026. Uhambo lukaJustin, olusuka ekubeni ngumsebenzi oqhelekileyo ukuya kwinqanaba lolawulo oluphakathi, bubungqina obukhuthazayo bokuba ukuzinikela, ukusebenza nzima kunye nophuhliso oluqhubekayo kuyavuzwa.

Ngeminyaka engama-25 yamava, iKoue Bokkeveld Opleidingsentrum iyaqhubeka nokuzingca ngokutyala imali ebantwini kunye namaqabane ayo, ukuze ibe negalelo ekwakheni icandelo lezolimo elomeleleyo nelizinzileyo.

## VROUEDAG

Registrasie, koffie en broodjies sal reeds vanaf 07:30 beskikbaar wees.

Alle Afrikaanse en Xhosa-vroue registreer asseblief by die registrasietafels waar hulle ook hul polsbandjies sal ontvang.

Die Xhosa-vroue sal hul koffie en broodjies in die eetsaal geniet, waar hulle die oggend se program sal bywoon. Die Afrikaanse-vroue beweeg daarna na die skoolsaal, waar hulle sittend bedien sal word met koffie en broodjies.

Neem asseblief kennis dat registrasie, asook die bediening van koffie en broodjies, stiptelik om 08:30 sluit. Indien 'n plaas ná 08:30 arriveer, sal ons ongelukkig nie koffie en broodjies kan voorsien nie. Hierdie reëling stel ons in staat om betyds gereed te maak vir die aanvang van die program.

## USUKU LWABASETYHINI

Ubhaliso, ikofu neesandwich ziya kufumaneka ukususela ngentsimbi ye-07:30 kusasa.

Bonke oomama abathetha isiBhulu nesiXhosa bayacelwa ukuba babhalise kwiitafile zobhaliso apho baya kufumana khona neebhanti zabo zesihlahla.

Oomama abathetha isiXhosa baya kunikwa ikofu neesandwich kwiholo yokutyela, apho baya kuchitha khona inkqubo yasekuseni. Oomama abathetha isiBhulu baya kuya kwiholo yesikolo, apho baya kuhlala phantsi baze banikwe ikofu neesandwich zabo.

Ncedani niqaphele ukuba ubhaliso, kunye nokunikwa kwekofu neesandwich, luya kuvalwa ngentsimbi ye-08:30 kusasa. Ukuba ifama ifika emva kwelo xesha, ngelishwa asiyi kuba nakho ukubanika ikofu neesandwich. Oku kusinceda ukuba silungiselele ukuqalisa inkqubo ngexesha elifanelekileyo.

## Gedagte vir die week




Vriendelike groete,
***Die Gemeenskapsontwikkeling span***